

## Notes to tables

The South African authorities have subscribed to the International Monetary Fund's Special Data Dissemination Standard (SDDS) and currently provide information on data availability at the IMF's Internet website. The authorities have indicated their willingness to fully observe the specifications of the SDDS before the end of 1998.

The SDDS prescribes that data on gross national product and gross domestic saving be disseminated with a quarterly frequency within one quarter of the quarter to which the data have relevance. To observe these specifications of the SDDS, a new table under the heading "National product and saving – selected items" is added to page S-120 of this and future editions of the *Quarterly Bulletin*. The table under the heading "Ratios of selected data" (page S-139) is also expanded by the addition of a column indicating total household debt as a percentage of personal disposable income. Household debt is defined to include outstanding consumer credit and outstanding mortgage debt.

## Opmerkings oor tabelle

Die Suid-Afrikaanse owerhede onderskryf die Internasionale Monetêre Fonds se Spesiale Dataverspreidingstandaard (in Engels die Special Data Dissemination Standard, of SDDS) en voorsien tans inligting oor die beskikbaarheid van gegewens op die IMF se Internetwebstasie. Die owerhede het hulle bereid verklaar om voor die einde van 1998 ten volle aan die bepalings van die Standaard te voldoen.

Die Standaard skryf voor dat gegewens oor die bruto nasionale produk en bruto binnelandse besparing kwartaalliks versprei word, binne een kwartaal ná die kwartaal waarop die gegewens betrekking het. Ten einde aan hierdie bepalings te voldoen, verskyn 'n bykomende tabel onder die opskrif "Nasionale produk en besparing – uitgesoekte poste" op bladsy S-120 van hierdie en toekomstige uitgawes van die *Kwartaalblad*. Die tabel onder die opskrif "Verhoudings van uitgesoekte gegewens" (bladsy S-139) is ook uitgebrei deur die toevoeging van 'n kolom waarin die totale skuld van huishoudings as persentasie van persoonlike beskikbare inkomste aangedui word. Huishoudingskuld word omskryf as die som van uitstaande verbruikerskrediet en uitstaande verbandskuld.